Wes-Kaapse Regering
Landbou
BETER TESAME.

Weeklikse graanmarkverslag

Bemarking- en Agribesigheidsafdeling www.elsenburg.com

03 Julie 2015

Carine van Zyl
Tel: (021) 808 5189

1. SAFEX (MTM-PRYSE)

Die MTM-prys op Vrydag 3 Julie 2015 vir koringlewering in Julie was R3 895 per ton gelewer te Randfontein.

	MTM-pryse (03/07/2015) R/mt					Week eindig R/mt 26/06/2015	Vergelykende verhandelings-dag R/mt 04/07/2014	% Verandering
Kommoditeit	*Jul-15*	*Aug-15*	*Sep-15*	*Des-15*	*Mar-16*	*Jul-15*	*Jul-14*	*Jul-14 tot Jul-15*
Koring (RFTN)	3895	-	3907	3815	3868	3887	3810	2%
Geelmielies	2717	2713	2732	2778	2749	2626	1841	48%
Witmielies	3071	3101	3102	3168	3165	3086	1761	74%
Sonneblom	5440	-	5530	5612	-	5325	4693	16%
Sojabone 50ton	4775	-	4855	4940	4995	4890	5290	-10%
Sorghum	3050	-	3040	2925	-	2920	2500	22%

Bron: *SAFEX*, 2014 & 2015

Wintergewasse: Die koringprys vir lewering in Julie het die week op R3 895 per ton gesluit, R8 per ton hoër as die vorige week en R85 per ton hoër as die vergelykende verhandelingsdag in 2014. In mid-Junie is daar weereers 'n aanpassing op die koring invoertarief gemaak; die tarief is van R461 per ton tot R800.10 per ton verhoog.

Die Wes-Kaap het sedert Junie gunstiger weer vir die wintergraan-aanplantings beleef. Verdere reën en koue weer het in mid-Junie voorgekom, maar opvolg reën sal spoedig moet kom om die vordering van die aanplantings te ondersteun. "*The weather service forecast that rains would be about 33% higher than average in the eastern part of the Western Cape from July to September,*

with the same probability in the western part of the province over October and November" (*BusinessDayLive*, 2015).

Die voorlopige oppervlakte met koring beplant word op **28 Julie 2015** deur *Nasionale Oesskattingkomitee (NOK)* bekend gemaak, nadat die voorneme om te plant reeds in April bekend gemaak is.

Invoerpariteit van VSA koring vir lewering in Randfontein is op R4 308 per ton bereken, teenoor die R3 876 per ton gelewer in Durban volgens *GraanSA* se berekeninge. Invoerpariteit van Duitse koring gelewer in Randfontein het die week op R3 940 per ton te staan gekom en R3 508 per ton vir lewering in Durban. Die invoerpariteit van Argentynse koring gelewer in Randfontein word op R4 075 per ton gereken en R3 643 per ton vir lewering in Durban (*GraanSA*, 2015).

Van 20-26 Junie is daar 59 579 ton koring van Rusland en 4 422 ton van Duitsland af ingevoer (*SAGIS*, 2015). In totaal is daar nou reeds die seisoen 411 521 ton koring vanuit Rusland en 266 924 ton vanaf Duitsland en 257 195 ton vanaf Oekraïene na Suid-Afrika ingevoer; diè drie grootste invoerders verteenwoordig gesamentlik 67% van die 1 401 346 ton - die seisoen se progressiewe koringinvoere (*SAGIS*, 2015).

Daar is 6 532 ton koring uitgevoer van 20-26 Junie; 2 578 ton na Zambië, 1 841 ton na Zimbabwe en kleiner hoeveelhede na Botswana, Namibië en Swaziland. Die totale koringuitvoere vir die seisoen (vanaf 27 September 2014) staan op 222 609 ton (*SAGIS,* 2015).

Gedurende die week, 20-26 Junie 2015, is daar 1 007 ton gelewer, teenoor die week 13-19 Junie toe daar slegs 469 ton gelewer is (*SAGIS,* 2015). Die *SAGIS* koringleweringssyfer vir die seisoen word tans op 1 699 815 ton gereken.



<u>Somergewasse</u>: Die 5de oesskatting vir somergewasse wat aan die einde van Junie bekend gestel is, het die oesskatting vir mielies op 9 755 300 ton gedui, 0.86% (84 750 ton) laer as die vorige skatting (*NOK,* 2015). Onderskeidelik word die wit- en geelmielieproduksie op 4 649 800 ton (-1.73% teenoor die vorige skatting) en 5 105 500 ton (-0.05% teenoor die vorige skatting) geskat. Die witmielie-oes is vanjaar 3 060 200 ton (40%) kleiner as die vorige seisoen, terwyl die geelmielie-oes 1 434 500 ton (22%) kleiner is as die vorige jaar. Die totale mielie-oes is tans 4 494 700 ton (31.5%) kleiner as die 2014-oes van 14 250 000 ton. Die totale mielie-aanplantingsoppervlak word onverandered op 2 652 850 hektaar geskat, terwyl die verwagte opbrengs 3.68 ton per hektaar is (*NOK,* 2015). Die 5de oesskatting word op **28 Julie 2015** bekend gemaak.



Die sojaboonoes word tans op 1 008 100 ton gereken, 6.92% hoër as die vorige skatting van 942 850 ton. Dit is vanjaar die eerste keer dat die Suid-Afrikaanse sojaboon-oes die miljoen ton kerf kan verbygesteek (*PNS*, 2015), inaggenome die huidige oesskatting. Die jongste produksie-skatting is ook 60 100 ton hoër as die vorige jaar. Die geskatte oppervlakte beplant met sojabone is 687 300 hektaar, 'n 37% styging vanjaar wat hoofsaaklik in die oostelike verbouings-gebiede voorgekom het.

Aanplanting in die Vrystaat word vanjaar op 305 000 hektaar gereken, teenoor 201 000 hektaar in 2014, en dit het van 203 000 hektaar (in 2014) tot 245 000 hektaar vanjaar in Mpumalanga gestyg. A.g.v die swak weers-toestande in die Vrystaat het die produksie nie gestyg nie, maar in Mpumalanga het produksie wel 'n toename getoon aangesien beter toestande geheers het. Die verwagte opbrengs is tans 1.47 ton per hektaar. Die grafiek toon die groei in die aanplanting en produksie van sojabone vanaf 2005 tot 2015, 5de-skatting.



Die ontwikkeling van verwerkings-aanlegte vir sojabone in die omgewing van Bronkhorstspruit, Standerton en Villiers het die verbouing van dié gewas die afgelope jare 'n aansienlike hupstoot gegee met 'n gevolglike toename in die vraag na sojabone.

NOK het die witmielie-oes met minder as verwag aangepas terwyl lewerings op witmielies ook hoër as die vorige week was. Vanaf 20-26 Junie 2015 is daar 426 189 ton witmielies en 361 849 ton geelmielies gedurende die week deur produsente gelewer (*SAGIS,* 2015). Diè lewerings bring die progressiewe lewerings vanaf 25 April 2015 tot 2 297 578 ton witmielies en 2 966 075 ton geelmielies (*SAGIS,* 2015). Die leweringstempo van mielies is steeds sterk sedert die begin van die seisoen. Sowat 63% van geskatte lewerings het reeds ingekom, met 'n berekende 5% plaasterughoudings is daar dus sowat 32% steeds uitstaande.

Die prys vir geel- en witmielies vir lewering in Julie het onderskeidelik die week op R2 717 per ton en R3 071 per ton gesluit (*SAFEX,* 2015). Die geelmielies is R91 per ton hoër as die vorige week, terwyl die prys van witmielies die week R15 per ton hoër as die vorige week gesluit het. Die prys vir geel- en witmielielewering was verder onderskeidelik 48% (R876 per ton) en 74% (R1 310 per ton) hoër as die vorige jaar se vergelykende verhandelingsdag. Die laer opbrengs vir die seisoen ondersteun steeds die mielieprys soos die oeslewerings besig is om in te kom. Die prys van witmielies toon aansienlike verbeter teenoor die geelmielieprys sedert Maart 2015; a.g.v die witmielie-oes wat vanjaar heelwat kleiner is as die vorige seisoen, terwyl die geelmielie-oes 'n kleiner daling op die vorige seisoen se produksie toon.



Teen 28 April was daar reeds amptelik 65 250 ton geelmielies ingevoer (*SAGIS*, 2015), 'n verdere 33 138 ton geelmielies is gedurende die week 9-15 Mei vanaf Argentinië ingevoer, nog 46 793 ton geelmielies het van 6-26 Junie vanaf Argentinië ingekom. Suid-Afrika het selfs witmielies begin ingevoer vanaf Zambië, sover is ongeveer 163 ton oor 3 weke ingevoer (*SAGIS*, 2015). Gerugte dat mielies vanaf Meksiko oppad is, doen ook die rondte.

Mielie-uitvoere vir die week 20-26 Junie is gereken op 6 723 ton witmielies en 1 576 ton geelmielies, die mielies was hoofsaaklik vir buurlande bestem (*SAGIS,* 2015). Diè uitvoere bring die

totale uitvoere vir die seisoen vanaf 25 April tot 26 Junie 2015 onderskeidelik op 62 179 ton witmielies en 29 971 ton geelmielies (*SAGIS*, 2015).

2. EKONOMIE & ENERGIE

Die vooruitsig vir die Suid-Afrikaanse ekonomie lyk al minder goed as daar gekyk word na die verbruikersvertroue-indeks. Die indeks het in die tweede kwartaal vanjaar tot die laagste vlak in meer as 14 jaar gedaal - die daling is veral gedryf deur *Eskom se* beurtkrag, die stygende werkloosheid en brandstofpryse. Die verbruikervertroue het tot 'n vlak van negatief 15 gedaal, 'n vlak wat laas in 2008, tydens die piek van die kredietkrisis bereik is. Die vlak is ook aansienlik swakker as die markverwagting (*IOL*, 2015). Dit is slegs die tweede keer sedert 1994 dat die indeks swakker as negatief 12 op die indeks daal.

"*Consumers are feeling pressure from all angles, exacerbated by the substantial household debt burden that has built up during the past decade. Unfortunately, the short-term outlook for the South African economy is similarly sombre amid an environment of weak global demand and expected interest rate increases*" soos genoem in die *IOL* (2015).

Die *Reserwe Bank* sal waarskynlik later die maand 'n rentekoers styging aankondig (*RMB*, 2015). Bart Stemmet, van *NKC Research*, sê aan *IOL*: "*We struggled to find positive news headlines during the second quarter, with petrol and electricity prices rising (when the lights manage to stay on), a weak exchange rate, higher personal income tax rates, new labour laws (which deter job growth), and high levels of social and political tension*." Ander faktor soos die verwakking van die wissekoers van die Rand en die belastingkoerse, en die xenofobiese aanvalle vroeër vanjaar het ook 'n impak gehad op die verbruiker se vooruitsig op die ekonomie.

The effect of drought conditions on Southern Africa

The United Nations Food and Nutrition Security Working Group emphasized that the region maize production belt had been hampered by a drought since February and that lower maize output posed a serious cause for concern as it would result in supply deficit in the grain, which is a staple food for most citizens and additionally a key input in the production of red meat, poultry, eggs and milk.

"The expected South African commercial maize crop for 2015 is estimated at 9.84 million tons, which is more than 30% less than last year and 20% below the average maize production for the last five years," the report said.

"This decline has led to an overall (food price) increase of 6.4% in South Africa and to even higher increases in the main staple crop maize. In addition to maize, sunflower and sorghum have also been negatively affected."

In Swaziland, more than 80 000 people will be affected by crop failure, while Lesotho's production and vulnerability figures would only be available this month; however the country's food outlook is worrying. Zimbabwe production is estimated to decrease by 51%, and would translate to a deficit, which would force the government to import white maize.

Namibia also reported a 4% price increase effective from 13 July on its maize, wheat, pasta and mahangu products. Early this year, the price of maize went up by 17%. The price increase is as a result of the increase of levies on the products from 0.95% to 5%, as announced by Government, but they are also affected by the drought situation in South Africa, the one of the biggest producers of white maize in the world. Namibia does not foresee any price decrease before September. The country's own maize production for this year is estimated at between 25 000 and 30 000 tons, a major drop from 78 000 tons produced last year.

The livestock industry experiences the ripple effect of the drought; the Red Meat Producers Organisation (RPO) in South Africa reports that they had seen dying stock as a result of the drought. "The next season will take us to a potential crisis as we start feeling the effects of the drought." Also the SA Poultry Association said higher maize prices would have a ripple effect on the price of poultry industry. "The input costs have risen and we have already seen a move in our feed costs and producers would have to increase their prices if they are to maintain profitability."

Sources: Independent Online & All Africa.com, 2015

Ander indikators van die ekonomie wat ook nie positief nie was nie - volgende die *Departement van Handel en Nywerheid (DTI)* het nuwe voertuig verkope jaar-tot-jaar met 4.8% gedaal *(FIN24*, 2015). Die huishoudelike skuld tot besteebare inkomste verhouding het ook tot 78.4% in die eerste kwartaal gedaal vanaf 78%, terwyl die skuld tot dienskoste verhouding van 9.4% tot 9.3% teenoor





die periode verander het (*IOL,* 2015).

Op plaaslike front het die *National Energy Regulator of SA (Nersa), Eskom* se aansoek vir die addisionele elektrisiteitsverhoging verwerp *(FIN24*, 2015). *Eskom* het aansoek gedoen vir 'n 24.78% verhoging, maar het reeds 'n 12.6% verhoging ontvang as deel van die 24.7% verhoging waarvoor hul nou aansoek gedoen het (*FIN24*, 2015). Daar is gevolglik 'n groot moontlikheid dat *Eskom* dit wat hul nie nou kon bekom nie, in volgende jaar se verhoging gaan inbou.

Die Rand se geweegde gemiddelde koers teen 10h30, 3 Julie 2015 waarteen dit teenoor die *VS-Dollar* verhandel het, was R12.30 (*Reserwe Bank*, 2015). Die *Britse pond* het Vrydag teen R19.22 en die *Euro* het teen R13.67 teenoor die Rand verhandel (*Reserwe Bank*, 2015).

Die plaaslike brandstofpryse sou na verwagting op 1 Julie 2015 styg; met tussen 43 sents en 46 sents per litre petrol, met 'n kleiner styging vir diesel (*NEWS24*, 2015). Die werklike aanpassing was 4 sent per liter vir diesel, tussen 44 en 41 sent per liter vir petrol soos deur die *Department van Enegie* bepaal is.

Die internasionale finansiële voorgrond word hoofsaaklik met nuus uit Griekeland oorheers. Hul is slegs een tree weg daarvan om die *Eurozone* te verlaat. Die referendum wat in die eerste naweek in Julie gehou word sou bepaal of hul die "*creditors' bailout conditions accept*" aangesien plaaslike banke reeds afgesny is van die *European Central Bank (ECB)* se bystand (*RMB*, 2015). Indien die referendum op 'n verwerping van die krediet terme deur die *ECB* dui, sal 'n *Grexit* ("*Greek exit from the Eurozone*") bykans onvermydelik wees.

Die internasionale PMI-syfers (die syfer verwys na die ekonomiese welstand van die vervaardigings-sektor) toon dat wêreld ekonomieë in 2Q15 gegroei het, selfs die *Eurozone* is positief ten spyte van die Griekse krisis. China se ekonomiese groei is swak en hul het weereens die week rentekoers laat daal – die 4de daling sedert November 2014. "*The move presumably is primarily intended to help the economy but may also be an attempt to stabilise the stock market which has fallen 20% in two weeks*" (*RMB*, 2015). Verder het die VSA ekonomie verbeter met die 'onafgehandelde' huislenings wat tot 'n 9-jaar hoogtepunt gestyg het (*RMB*, 2015).

Verder het die Brent ru-olieprys ook die week tot $62 per vat gedaal. Indien die daling voortduur, tot in die $50 per vat vlakke, sal die brandstof verbruikers waarskynlik die geleentheid benut (*RMB*, 2015). *Organization of the Petroleum Exporting Countries (OPEC)* se olie-aanbod het in Junie tot 'n 3-jaar hoogtepunt gestyg, gedryf deur uiterse hoë vlakke van produksie in Irak en Saudi-Arabië. Diè styging druk die totale produksie hoër as die teiken 30 miljoen vate per dag ten spyte van die beperkte produksie in Libië en Nigerië (*FIN24*, 2015). Daar word verder verwag dat Iran hul olie-uitvoere binne 'n jaar tot 60% kan verhoog indien daar 'n '*nuclear*'-ooreenkoms met die '*big 6 powers'* (VSA, Britanje, China, Frankryk, Duitsland en Rusland) kan bereik word en die sanksie tot 'n einde kan bring.

3. INTERNASIONALE SITUASIE

Internasionale nuus word weer in 'n volgende verslag bespreek.